



# Pietersburg Laerskool

Voortrekkerstraat 52, Pietersburg, 0699  
Tel. Nr. 015 295 9062, Faks. Nr.: 015 295 2146  
e-pos: [debbie@pietersburglaerskool.co.za](mailto:debbie@pietersburglaerskool.co.za)

## **Taalbeleid**

### **1. Inleiding**

Hierdie dokument is die taalbeleid van Pietersburg Laerskool wat op 22/11/2018 deur die skoolbeheerliggaam hersien en goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

### **2. Faktore in ag geneem**

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die Afrikaanssprekende gemeenskap.
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

### **3. Onderrig en eksaminering**

Die Skool is tans 'n Afrikaansmedium-instelling en beskik oor menslike hulpbronne wat hoofsaaklik voorsiening maak vir daardie leerders wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is.

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig van die skool, uitgesluit Engels as taal in Engels of enige ander taal as vak aangebied in die taal. Met dien verstande dat kommunikasie met buitestaanders in enige ander taal kan plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelik doenlik is.

#### 4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n **enkelmediuminstelling**.

Die taal van onderrig is **Afrikaans** van graad **R** tot graad **7(Sewe)**.

Die keuse van onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

#### 5. **Bevordering van veeltaligheid**

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal **Afrikaans** ook **Engels** as volwaardige taalvak by die skool aan te bied. **Sepedi** word as derde taal en Afrika taal ingefasseer van Gr 1 vlak maar is nie 'n eksamen vak nie.

Dit geskied soos volg:

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:

Enkelmediumskool:

**Afrikaans** as Huistaal

**Engels** as Eerste Bykomende Taal

Buiten **Engels** as Eerste Bykomende Taal, word **Sepedi** as Tweede Bykomende Taal aangebied maar nie as 'n eksamen vak nie.

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

GETEKEN TE *POLOKWANE* OP HIERDIE *22<sup>ST</sup>* DAG VAN *NOUWEMBER* *2018*

  
\_\_\_\_\_  
Beheerliggaamvoorsitter